**Lidmate se verwerping van ’n nuwe staatskerk.**
Lidmate en vergaderinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) is tans besig om te stem oor ’n nuwe belydenisgrondslag vir ’n nuwe kerk. Dit is die kerklike weergawe van stemming vir ’n nuwe grondwet.

In die stemme reeds uitgebring is die voorgestelde wysiging aan die grondwet al reeds sodanig verwerp, dat die Algemene Sinode (AS) nie meer die grondwet kan aanvaar nie.

Duskant ’n tweederdemeerderheid is teen hierdie nuwe kerkwording. Die wegblystem is meer as tagtig persent. Hierdie stemming het die gedroomde nuwe kerk effektief beëindig en ’n diep vervreemding tussen die lidmate en die AS blootgelê.

Verteenwoordigers van die AS is besig om die lidmate wat apaties nie stem nie en die lidmate wat teen die voorstel van die AS gestem het, in die openbare media uit te maak as rassiste, as oningelig, as ongeestelik en as lidmate wie se verhouding met God nie reg is nie, terwyl lidmate mateloos ongeërg is oor die AS se motivering van die politieke relevansie en invloedrykheid van die nuwe kerk.

Die beskuldiging van rassisme is gevaarlik. Dit plaas elke NG lidmaat in die gemeenskap in ’n strafregtelike posisie. Dit is nodig om dié woede van geestelike leiers in perspektief te plaas.

Die werklike rede vir lidmate se verwerping van die wysigings, is die innerlike teenstrydigheid van die nuwe Artikel 1, nie gewaande rassisme nie. Volgens Artikel 1, sou lidmate die vryheid kry om die gesag van die Woord van God te aanvaar *of* te verwerp, deur die Belharbelydenis te aanvaar *of* te verwerp. Hierdie keuse vryheid sou binne die geloofsgrondslag ’n kerkordelike reg gewees het. Hierdie vrysinnigheid sou op die hele kerk disfunksioneel ingewerk het aangesien dit direk teenstrydig is met die wese van die NG Kerk wat die gesag van die Woord van God as grondslag aanvaar.

Die AS is ongeërg oor hierdie disfunksionaliteit. Hulle voel ’n ander groter belang aan wat hulle vasgestel het in die “Memorandum of agreement between the URCSA and DRC” bekendgestel in die verklaring van 9–10 April 2013 in Kempton Park.

Die nuwe karakter van die gedroomde kerk is hierin vasgelê. Dit is ’n nuwe staatskerk. Dit wys duidelik as ’n mens dit vergelyk met dit waarvan die nuwe kerk die alternatief wil wees in die “Memorandum”: die ou apartheidskerk.

Hierdie nuwe staatskerk:
1. vervang die Afrikanervisie met ’n Afrikavisie,
2. vervang die geregtigheid van volksbelange met regstellende geregtigheid en
3. vervang die volkswaardes met die nuwe liberale demokratiese waardes van die nuwe staat.

1. <u>Vervang die Afrikanervisie met ’n Afrikavisie</u>,

Die Afrika-visie vir die kerk word soos volg gestel: "2.3 From within our common faith in the triune God we commit ourselves to Africa, the continent where the Lord has placed us, and particularly to Southern Africa. We wish to take up this calling together to make a difference to the life threatening problems of our country."

Hierdie is ' 'n spirituele visie vir die nuwe kulturele identiteit waarmee die kerk homself nuut moet identifiseer, Afrika. "Afrika" is nie bloot die aandui van 'n geografiese gebied vir sy werksaamhede nie. Die visie van 'n volkskerk as geestelike identiteit word vervang met die visie van 'n "Afrika"-kerk as geestelike identiteit.

2. Vervang die geregtigheid van eie belange met regstellende geregtigheid

Regstellende geregtigheid is die program waarvolgens hierdie nuwe kerk gevestig moet word. Die regverdigmaking in Christus is om deur die Here self ingesluit te word in sy heilsweldade. Regstellende geregtigheid is totaal iets anders. Dit is geregtigheid deur mense se vergoeding vir hulle sondes van die verlede: "5.1.2 It restores imbalances of the past and imbalances in God's creation and glorifies God through our restored unity and reconciliation." 5.1.3 "We accept that restorative justice is a complex process which wil ask some sacrifices." Deel van hierdie nuwe soort geregtigheid is 5.4 "... to conduct a property audit." Die herverdeling van kerkeiendom is deel van die geestelikheid van regstellende geregtigheid.

Regstellende geregtigheid is die vergeesteliking van die huidige staatsbedeling se regstellende aksie. Politieke regstellende aksie word deur die kerk nou gelykgestel aan die geregtigheid in Christus.

3. Vervang die volkswaardes met die nuwe liberale demokratiese waardes van die nuwe staat.

Die "Memorandum" maak versoening binne die sekulêre gemeenskap, die taak van die kerk." 5.2.2 We accept the reality that conflict, bitterness, hatred, racism, etnicism, classism, sexism and a lot of emotional pain is still part of society. We must address some of the core reasons for conflict like: misunderstanding and poor communication, bad and corrupt leadership, language, culture, and religion, ideologies and the greed for political power, injustices, personalities, scare resources and ***imbalances in society***."

In hierdie nuwe selfopgelegde taak word die versoening van sondaars binne die kerk met God en mekaar, nou gelykgestel met versoening van burgers met mekaar as medelandsgenote binne die nuwe staatsorde volgens die liberale demokratiese waardes van die nuwe staat.

Hierteenoor is die posisie van die kerk in die wêreld, dié van naasteliefde in ooreenstemming met God se wet, vir medegelowiges én ongelowiges; vir hulle wat jou goedgesind is én hulle wat jou haat. Met die wêreldgemeenskap deel die kerk naasteliefde, vir elkeen en almal.

Die "Memorandum" vervang die plek en werking van naasteliefde volgens God se wet in die gemeenskap, met die hulle verdraaide versoening. Dit is die versoening van landsburgers met mekaar volgens die liberale waardes van die staat. Die waardes waarvolgens hierdie gedroomde kerk mense in die sekulêre gemeenskap

nou met mekaar gaan versoen, is die waardes van die liberale demokrasie, nie meer die van naasteliefde volgens God se wet nie.

Hierdie omkering van liefde na versoening as die posisie wat die kerk in die sekulêre wêreldgemeenskap moet inneem, maak dat die kerk se sending vervang word met ’n sekulêre roeping en visie. Die verkondiging van die koninkryk van God word vervang met die taak van nasiebou.

Vir die skep van so ’n nuwe staatskerk het die aanvaarding van die Belharbelydenis net simboliese betekenis: dit is teken dat lidmate hulle van die ou na die nuwe staatskerk bekeer het.

Die werklike rede vir lidmate se stemming is dat hulle nié weer ’n staatskerk wil hê nié.

Lidmate soek nie die ou staatskerk nie. Lidmate soek ook nie ’n nuwe staatskerk nie. Hulle moet nou nog op elke moontlike vlak van die samelewing die gelag betaal vir geestelikes se gelykstelling tussen kerk en staat.

Om van hierdie lidmate te verwag om weer goedgelowig in te koop in ’n nuwe geestelike gelykstelling tussen kerk en staat, op so ’n wyse dat hulle weer eendag vir hierdie gelykstelling sal moet betaal, grens aan matelose minagting vir lidmate se insig.

Lidmate is in feitlik elke gemeenskap besig om kerklike werk en verbande oor alle grense heen te vestig, anders as waarvoor hulle beskuldig word. In hierdie uitreik, wys die werklike versugting, iets wat hierdie nuwe staatsprofete nie kan herken nie – die soeke en poging om ’n kerk, vry van staatsmag of staatdoelwitte, te wees.

Die owerheid en die Suid Afrikaanse gemeenskap soek nie ’n staatskerk of ’n kerkstaat nie. Niemand behalwe ’n minderheid van geestelikes wil hierdie nuwe staatskerk hê nie.

Die stemming van lidmate wys nie hulle rassisme nie, maar hulle aanpassing om lede van ’n nuwe gemeenskap te wees waarin hulle vry gelowig en kerk kan wees as konstitusionele reg.

Die versugting na ’n staatskerk is nie die skep van ’n nuwe nie-rassige kerk soos die AS dit graag wil voorhou nie. Dit is die versugting om met groter getalle en nie-rassigheid weer die staatskerk te wees – vir niemand wat dit meer wil hê nie.

Die geestelikes is met hierdie ou versugting en soeke na ’n nuwe staatskerk besig om in die verlede vas te steek en die kerk se eenheid te kaap vir hulle agenda van ’n nuwe invloedryke staatskerk. Hulle is besig om die kerk se eenheid as vrye geloofsgemeenskap vir alle en elke gelowige te verhinder.

Om kerk te wees in die nuwe gemeenskap sal hulle weer moet leer om bedienaars van die Woord van God te wees en nie invloedryke “godsmanne” wat oor alles en almal die finale woord wil spreek nie. ds. PJ Kriel NG Gemeente Levubu 25.04.2015